Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 2: Nommer 8 – 6 Junie 2025

## OUERLEIDING



### Is my kind se gees gesond?

Ons Lynnies is steeds besig met hul assesserings en kontroletoets. Dis gewoonlik gedurende hierdie tyd dat sommige kinders druk intens beleef. Hierdie druk geld ook vir kinders wat oor die algemeen gedissiplineerd en hardwerkend is, omdat hulle druk op hulself plaas om nog beter te presteer.

In ons gejaagde, oorbelaaide lewe, manifesteer hierdie druk as angstigheid.

Die vernaamste oorsake van angs:

- Te druk program en te min tyd vir vrye tyd, bekommernis oor prestasie en die gevoel van onbekwaamheid.
- Verhoudings: Die gebrek aan maats, blootstelling aan boeliegedrag, spanning in huislike omstandighede en gebrekkige vaardighede om verhoudings op sosiale media te hanteer is maar ‘n paar van die oorsake.
- Verandering en onsekerheid oor verandering: Vir die ouer kind kan dit die begin van hoërskool wees, vir die jonger kind kan dit die wissel van klasse wees.
- Oorbetrokkenheid en oorbeskerming deur ouers of gebrekkige ouerteenwoordigheid en afwesigheid van ouers is dikwels ’n oorsaak van angs.
- Enige vorm van trauma: Vir die jonger kind kan die dood van ‘n troeteldier trauma veroorsaak. Siekte of dood in die familie en selfs finansiële druk in die gesin kan oorspoel na die ervaringswêreld van die kind.

**’n Paar nuttige wenke vir ons ouers oor hoe om hierdie angstigheid te besweer.**

Vra eerder na ‘n toets of eksamen – “Hoe voel jy?” – as om te konsentreer op die eksamen of toets self – GEEN punte is belangriker as jou kind se geestesgesondheid nie.

Genoeg slaap is ‘n moet. Skep ‘n rustige atmosfeer voor slaaptyd.


Goeie roetine wat ouderdomstoepaslik is.
Roetine bring ‘n voorspelbaarheid wat kinders baie veilig laat voel.

Moenie die konstante “wat is fout” holrug ry nie. Wees beskrywend in jou kommunikasie: “Ek kan sien jy het baie werk, ek sien al die kommunikasie van die skool, hou jy kop bo water?”

Tree toe tot jou kind se leefwêreld. So bly jy in voeling met hulle angsvlakke en kan jy as ouer vroegtydig ingryp.

Kommunikeer met jou kind se onderwysers. Kinders spandeer die grootste gedeelte van hul dag by die skool. ‘n Vertrouensverhouding met die skool is belangrik om bekommernisse aan te spreek en te besef dat ons vennote is wat “ons” kinders se belange op die hart dra.

# LYNNIES REVUE 2025




**Daar is gereflekteer oor die oefentye en die kleedrepetisie se tye tot voordeel van die leerders.**

**<u>Die volgende aanpassings is gemaak</u>:**

**Vrydag, 6 Junie se Revue oefening is afgestel en vind plaas op Maandag, 9 Junie om 11:15.**

**Dinsdag, 10 Junie se kleedrepetisie:**
**- Groep 1 begin om 11:30**
**- Groep 2 begin om 13:00**
**- Groep 3 begin om 14:30**

**Woensdag, 11 Junie se kleedrepetisie:**
**- Groep 4 begin om 11:30**
**- Groep 5 begin om 13:00**

**Verwys asseblief na die inligtingsboekie met volledige inligting.**

**Dankie vir julle volgehoue ondersteuning.**

**Hier is die skakel:**
https://drive.google.com/file/d/15ZfZIz8E_zYBe5vw-dzVbhlU4oEHO65o/view?usp=share_link

## Hard aan die oefen . . .





# KULTUUR

## REDENAARS
### ATKV SEMI-FINALE SPREKERS

Lienke Miles



Ayva Potgieter



Zahn Potgieter



Neo Senekal



Charlotte Oelofsen



❖ **<u>OppieTongAf</u>**
**Skakel:** https://oppietongaf.co.za/
**Spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywing: 27 Junie 2025 (skool skryf leerders in, meer inligting op d6 beskikbaar)

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.
Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

***Redenaargedagte vir die week***:
*In golf, as in life, the goal isn't perfection.*
*It's progress with grace and grit.*

# KUNSTE AKADEMIE

Baie geluk aan Zané Smith met haar medalje by die Pierneefteater Kunstefees! Sy is aangewys as die afdelingwenner van *Dramatized Poetry Grade 7*.



## AKADEMIE

### GRONDSLAGFASE

Die graad 3 leerders geniet hul kunsperiode terdeë!

Hulle het kreatiewe musiekinstrumente met herwinbare materiaal gemaak, wat mooi aansluit by die tema van herwinning.

Ons is waarlik so trots op elkeen se toegewydheid en oulike idees.



















### A+ STUDENTE

Die volgende leerders het deelgeneem aan die A+ studente Wiskunde kompetisie wat op 31 Mei 2025 te Midstream Ridge Primary School gehou is.
Vanjaar se tema was Robotte. Met so 'n dinamiese tema was die studente gerat en gereed om hul ongelooflike vaardighede ten toon te stel.

Ons is trots om die volgende resultate aan te kondig:

| Naam en Van | Skool graad | Kompetisie-vlak | Toekenning |
|---|---|---|---|
| Ivan du Toit | 3 | Boek 10 | Champion of Champions |
| Elena Niemann | 3 | Boek 9 | Champion of Champions |
| Liviah de Villiers | R | Boek 6 | Bronze |
| Alex Minty | 2 | Boek 7 | Champion |
| André Vorster | 1 | Boek 6 | Gold |

## SPORT

### LANDLOOP

Die laaste landloop klub-liga het op 30 Mei 2025, by Hoërskool Eldoraigne plaasgevind. Dit was die laaste liga om te bepaal watter atlete die AGN-span gaan verteenwoordig by die Interprovinsiale kampioen-skappe op 14 Junie. Laerskool Lynnwood het 13 atlete wat tot die AGN-span verkies is. Baie geluk!

| Dogters o/8 (1 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Caley | Lubbe | 8 |
| Lika | Pienaar | 21 |
| Alex | Minty | 38 |

| Dogters o/9 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Elizabeth | De Beer | 8 |
| Lua | Snyman | 9 |
| Charlotte | Oelofsen | 11 |

| Dogters o/10 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Lynicke | Pienaar | 4 |
| Lianka | Palm | 9 |

| Dogters o/11 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Pepenene | Rea-Leboha | 18 |
| Annabelle | Janse van Rensburg | 22 |
| Zanelle | Geertsema | 30 |

| Dogters o/12 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Anjuné | Palm | 24 |

| Dogters o/13 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Tharien | Van Dyk | 23 |
| Hape | Pepenene | 37 |

| Seuns o/8 (1 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Ansius-Dawid | Vermeulen | 6 |
| JJ | van der Westhuizen | 16 |
| Matthew | Horn | 24 |
| Hanno | De Wet | 25 |
| Reinhard | Nel | 28 |
| Liam | Steyn | 29 |
| Johannes | Moolman | 39 |
| Noah | Steyn | 72 |
| Ady | Stander | 77 |
| Victor | Preston | 107 |

| Seuns o/9 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Adriaan (JG) | Strijdom | 15 |
| Rikus | Geertsema | 16 |

| Seuns o/10 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| MJ | Prinsloo | 36 |

| Seuns o/11 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Matthew | Gavin | 1 |
| Malan | Strijdom | 8 |
| Anru | Oelofsen | 25 |

Baie geluk aan die volgende Lynnies wat verkies is tot die AGN-span wat gaan deelneem by die Interprovinsiale kampioenskappe op 14 Junie.

**Dogters o/8**
Mia Ströhfeldt; Caley Lubbe

**Dogters o/9**
Lua Snyman; Elizabeth de Beer

**Dogters o/10**
Lemay van der Westhuize; Lynicke Pienaar en Lianka Palm

**Seuns o/8**
Ansius Dawid Vermeulen; JJ van der Westhuizen

**Seuns o/9**
Francois van Dyk

**Seuns o/11**
Matthew Gavin; Benjamin Ströhfeldt;
Ruan Pienaar











## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIES

**TUIMEL**
Fredri Uys het die afgelope naweek aan die eerste kwalifiserende tuimel kompetisie vir die SA Kampioenskappe wat in Oktober 2025 plaasvind, deelgeneem. Sy het 'n algehele tweede plek los getuimel vir haar level 6 roetines.



**AKROBAAT**
Cara Swanepoel in graad 4 verwerf Gauteng-Noord kleure in akrobaat. Sy dring deur na die Gauteng kampioenskappe. Welgedaan Cara!



## GHOLF- EN ROLBALDAG




**KLIEK HIER VIR NUWE INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1logfrlExRciUF7XtlDyLPr-MYi4VJnoK/view?usp=share_link




**KLIEK HIER VIR NUWE INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1kTBA9aGjKEpvltNFYMrLCj-ktU38-hYp/view?usp=share_link

## PERSONEELVERJAARSDAE

**JUNIE**

6 Estian Esterhuizen (o/w) en Ordicious Masakela (alg. ass)
10 Dinah Motau (naskool)
13 Obrey Mamengena (alg. ass)
14 Shadrack Mojadithigo (alg. ass)
16 Paulinah Kekae (alg. ass) en Benny Thaga (alg. ass)
19 Anje Burger (pre-prim)
21 Danielle de Witt (o/w)
23 Eudene Swart (o/w)
24 Joshua Grové (intersen. ass), Bernie Bezuidenhout (o/w ass) en Morris Tshabangu (alg. ass)
26 Christa Cronje (naskool)
29 Ilse Deneys (naskool)

## OMGEEFONDS SKENKING VAN WILDVLEIS

Ons was in die verlede geseën met pa's wat wildsvleis geskenk het vir die skool se Omgeefonds. Ons kon maandeliks vir van ons huisgesinne bederf met maalvleis of wors.

Indien daar pa's is wat te veel vleis het 😉, is julle welkom om dit aan die skool te skenk.
Ons het soms ook self die verwerking van vleis laat doen. Die skool het 3 vrieskaste om dit in te hou.

Kontak asseblief vir Ilsé de Villiers of Andries Roux indien julle kan ondersteun.

## LYNNIES BIDGROEP




<u>BID VIR LYNNIES</u>
Woensdae 07:25 voor die hoofhek.
Kontak Anlia 082 927 1020
om deel te word van die WhatsApp groep.

**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**







## FISH ON ANGLING

Nico & Lizzette Badenhorst
Cell Nr: 082 944 6597 / 0798950376
Montana Family Market
SHOP MF 012 D
Address:
Cnr of Sefako Makgatho Drive& Enkeldoorn Ave, Montana Park, PTA


Groot
Boks
Groot
Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
Die omskakeling van 'n Big Box Container bied 'n innoverende oplossing wat funksionaliteit en kreatiwiteit kombineer sonder om kwaliteit of styl in te boet.
bigbox.co.za 0861 44 74 74


GRUB
house
Burgers, Pizza,
Wings, Shakes
and more...
come
get messy!
with the
GRUBhouse
Family!
www.grubhouse.co.za


ELEVATE YOUR STANDARDS,
ELEVATE YOUR SUCCESS
Did you know that grooming, dress, and interpersonal interactions are essential aspects of professionalism?
Ready to elevate your professional presence?
Book a coaching session with me or send me a message to learn more.
078 460 1288
078 460 1288
www.marynastevenson.co.za


gro
LIFE COACHING
Leonie du Preez
Life Coach
082 718 7052
leonie@grolife.co.za
www.grolife.co.za